**Abraham – 'n Inleiding**

**Gen 11:27-32**

**6 Augustus 2023**

1. Vantevore: Gen 5 + Gen 11 + Mat 1 = geslagsregister van Adam tot Jesus. Hoogtepunte in openbaringsgeskiedenis = Adam, Noag, Abraham, Dawid, ballingskap, Christus. Stem grootliks ooreen met verbondsluitings. Sinaiverbond uitgelaat, want dit was tydelik. Ballingskap ingesluit, want toe is die nuwe verbond aangekondig.
2. Sesde toledot = Gen 11:27 – Gen 25:11 = familiegeskiedenis van Tera, fokus op Abraham
3. Oorsig oor die Here se handelinge met Abraham (Gen 11:27-25:11)
    a. Derde toledot: Die Here stel oordeel uit, skep genadetyd, Sem is besonder geseënd. Vierde toledot: Tabel van die nasies, toring van Babel – elke nasie het eie taal en land. Vyfde toledot: Geslagsregister van Sem tot by Abram. Uit al die mense en nasies, kies die Here 'n enkeling: Abram – en hy sal nasie word, en tot seën wees vir die nasies (Gen 12:2-3)
    b. Eva (Gen 3:5), Kain (Gen 4:5, 17), Lameg (Gen 4:24), helde/beroemde manne (Gen 6:4), mense by toring van Babel (Gen 11:4) – almal besorgd om vir hulleself naam te maak. Maar die Here beloof om Abram se naam groot te maak (Gen 12:2)
    c. Waarvoor is Abraham bekend? Vir sy geloof – hy is geregverdig deur sy geloof (Rom 4:1-3, 18, Heb 13:8-19). Abraham-geskiedenis leer ons die rol van geloof in God se verlossingsplan.
    d. Opsomming van Abraham geskiedenis:
        - Inleiding – Gen 11:27-32
        - Roeping van Abraham – Gen 12:1-3
        - Fokus op die beloofde land – Gen 12-15
        - Fokus op Abraham se nageslag/saad – Gen 16-22
        - Afsluiting en oorgang na Isak – Gen 23-25
    e. Abraham worstel in die geloof: Aanvaar die beloftes met sy roeping, verskeie insidente toets sy geloof en laat sy geloof groei, geloof word veral getoets as hy Isak moet offer – sy geloof in Gen 22 is baie sterker as in Gen 12.
    f. Die Here se Naam word nog groter gemaak as Abraham s'n – Hy beheer dit alles.
    g. Ontwikkeling in Sara: Onvrugbaar/mooi, worstel met beloftes van die Here, spanning met Hagar, beskermende ma van Isak (Gen 21:12)
    h. Groei in die Here se verbintenis met Abraham: Gen 12 – beloftes, Gen 15 – verbond, Gen 17 – verbond met verbondsteken, Gen 22 – bevestig met 'n eed
4. Inleiding tot die geskiedenis van Abraham (Gen 11:27-32)
    a. V27: Tera was vader van Abram, Nahor en Haran. Woon in Ur (Mesopotamië). Dien afgode (Jos 24:2)
    b. V28-30: Haran sterf jonk, sy seun is Lot, sy dogter is Milka. Abram trou met Sarai – sy halfsuster (Gen 20:12). Nahor trou met Milka.
    c. V31: Tera, Abram, Sarai en Lot trek na Kanaän, maar vorder eers net tot by Haran. Volgens Hand 7:2-4 is Abram reeds in Ur geroep, bly in Haran tot Tera se dood, trek daarna met Sarai en Lot na Kanaän.
    d. V32: Tera sterf op 205 jaar. Onduidelik hoe Gen 11:26, 32 en 12:4 rym. Miskien was Abram nie oudste seun nie, of Tera het reeds op 145 jaar gesterf, soos Samaritaanse Pentateug sê.
5. Opsomming: Geloof speel belangrike rol in die verlossing wat die Here bewerk.